

---

# Kriteria vir 'n Afrikaanse aanleerderwoordeboek\*

Anna Nel Otto, *Departement Afrikaans, Universiteit Vista, Port Elizabeth,  
Republiek van Suid-Afrika, Suid-Afrika*

---

**Abstract: Criteria for an Afrikaans learner's dictionary.** This article determines the theoretical and practical criteria for an Afrikaans learner's dictionary. The target users of this dictionary is black tertiary students for whom Afrikaans is a second or third language. Such a dictionary should be directed at the needs of the target users, i.e. be a suitable medium for both decoding and encoding. The compilation of the learner's dictionary should chiefly be based upon real language use. This entails a thorough data collection which should contain adequate detail and is presented systematically. The selected information should be understandable and easily retrievable. The dictionary should have an explanatory section. The recording of macrostructural elements should be linguistically motivated. The recording of specific macrostructural elements should be based on the needs of the target users and insights of the lexicographer with regard to interlingual aspects. As far as the microstructure is concerned, adequate pronunciation, grammatical, semantic and usage guidance should be provided.

**Keywords:** CRITERIA, LEARNER'S DICTIONARY, TARGET USER, DECODING, ENCODING, EXPLANATORY SECTION, PRONUNCIATION GUIDANCE, GRAMMATICAL GUIDANCE, SEMANTIC GUIDANCE, USAGE GUIDANCE

**Opsomming:** Hierdie artikel bepaal die teoretiese en praktiese kriteria vir 'n Afrikaanse aanleerderwoordeboek. Die teikengebruikers van hierdie aanleerderwoordeboek is swart tersiêre studente, vir wie Afrikaans 'n tweede of derde taal is. So 'n woordeboek moet op dié teikengebruikers se behoeftes afgestem wees, d.w.s. 'n geskikte medium vir sowel dekodering as enkodering wees. Die woordeboek moet hoofsaaklik gebaseer wees op werklike taalgebruik. Dit behels 'n deeglike materiaalversameling wat voldoende detail bevat en sistematies aangebied word. Die geselekteerde gegewens moet op sodanige wyse verwerk word dat dit maklik ontsluit en verstaan kan word. Die woordeboek moet 'n toeligtingsgedeelte bevat. Die seleksie van makrostruktuurelemente moet linguisties gemotiveer wees. Die seleksie van spesifieke makrostruktuurelemente moet op grond van die teikengebruikers se behoeftes en die leksikograaf se insigte met betrekking tot interlinguale aspekte gebaseer wees. Wat die mikrostruktuur betref, moet voldoende uitspraakleiding, grammatiese leiding, semantiese leiding en geleiding verskaf word.

---

\* Hierdie artikel is 'n verwerking van die slothoofstuk van 'n D.Litt.-verhandeling *Kriteria vir 'n Afrikaanse aanleerderwoordeboek* wat in 1989 deur die Universiteit van Stellenbosch aanvaar is.

**Slutelwoorde:** KRITERIA, AANLEERDERWOORDEBOEK, TEIKENGEBRUIKER, DEKODERING, ENKODERING, TÛELIGTINGSGEDEELTE, UITSPRAAKLEIDING, GRAMMATIESE LEIDING, SEMANTIESE LEIDING, GEBRUIKSLEIDING

## 1. Inleidend

Dit gaan in hierdie artikel om die vasstelling en beskrywing van kriteria vir die opstel van 'n aanleerderwoordeboek vir niemoedertaalsprekers wat swart tersiêre studente is. Die ontwerp van hierdie kriteria is moontlik gemaak deur die navorsing in 'n verhandeling om die linguistiese kriteria van hierdie besondere soort woordeboek aan die lig te bring (vgl. Otto 1989).

## 2. Kriteria

### 2.1 Doel

Die teikengebruikers moet duidelik vasgestel wees en die aanleerderwoordeboek moet op hulle behoeftes afgestem wees. Die teikengroep vir hierdie studie is swart tersiêre studente wat hul kommunikatiewe vaardighede in Afrikaans wil verbeter.

Die funksie van die woordeboek moet duidelik vasgestel en deurgaans in aanmerking geneem word. 'n Aanleerderwoordeboek is gerig op die verbetering van 'n niemoedertaalspreker se kommunikatiewe vermoë. Hierdie eis wat aan die aanleerderwoordeboek gestel word, is nie 'n lukraak eis nie, maar vind aansluiting by 'n bepaalde teoreties gemotiveerde siening van wat taal is (vgl. bv. Webb 1983: 233), word deur taalonderwysers aanbeveel (vgl. bv. Richards en Schmidt 1983: vii), word in leksikografiese publikasies onderskryf (vgl. bv. Hartmann 1983: 158), en word deur aanleerders self vereis (vgl. die antwoorde op vraelys 1 in Otto 1989).

Ten einde reg te laat geskied aan laasgenoemde eis, behoort die aanleerderwoordeboek 'n geskikte element vir sowel dekodering as enkodering te wees. In 'n aanleerderwoordeboek kan 'n mens slegs vir dekodering suggereer dat a vervangbaar is met b. Ten aansien van enkodering moet die gebruiker nie net weet dat  $a = b$  nie, maar ook dat  $a = b$  indien voorwaardes c, d en e nagekom word. Aanleerderwoordeboeke verskaf hierdie ekstra inligting op verskillende maniere, bv. deur etikette, sintaktiese kodes, gebruiksnotas en veral voorbeelde. Maingay en Rundell (1987: 131) beklemtoon die waarde van voorbeelde, en beginselbesluite oor die doeltreffendste wyses waarop al die relevante inligting van 'n bepaalde lemma aangebied word, deur 'n omvattende analise van aanleerders se foute te maak (Maingay en Rundell 1987: 133-135). Moulin (1987: 105 e.v.) verskaf nuttige wenke oor hoe die aanleerderwoordeboek benut kan word by enkoderende take (vgl. ook Harvey en Yuill 1997 oor 'n bespreking van *Collins COBUILD English Language Dictionary* se rol

by geskrewe (enkoderende) take). Die aanleerderwoordeboek kan verder bydra tot die ontwikkeling van leksikale vermoë (vgl. o.a. Tomaszczyk 1987: 141 e.v. en Béjoint 1987: 102) mits die definisies duidelik, presies en volledig geskryf is (vgl. Jain 1981).

## 2.2 Samestelling

'n Deeglike materiaalversameling, hoofsaaklik gebaseer op werklike taalgebruik, moet gedoen word. Op grond van sy breë taalkennis mag die leksikograaf sy eie intuïties gebruik, maar hy moet hom ook beroep op gesproke en geskrewe bronne. Taalkundige studies en bestaande woordeboeke moet met omsigtigheid hanteer word, aangesien hierdie sekondêre bronne onjuisthede kan bevat (Geeraerts en Janssens 1982: 27-28).

Die materiaal moet deeglik verwerk word sodat dit voldoende detail bevat en moet sistematies aangebied word. Daar moet nagegaan word volgens watter kriteria die makro- en mikrostruktuur van 'n woordeboek gekies gaan word. Indien mens weet watter leksikale items (makrostruktuur) en inligting oor hierdie woorde (mikrostruktuur) die leksikograaf wou selekteer, kan die sukses van verwerking hieraan gemeet word. Afgesien van die kriteria vir die verskillende inligtingstipes moet mens jouself ook afvra hoe gedetailleerd die gegewens is en hoe sistematies dit aangebied word. 'n Vergelyking met soortgelyke woordeboeke bied 'n goeie aanknopingspunt ten einde sodanige vrae te kan beantwoord (Geeraerts en Janssens 1982: 28-29).

Die geselekteerde gegewens moet op sodanige wyse verwerk word dat dit maklik ontsluit en verstaan kan word (Geeraerts en Janssens 1982: 29). 'n Volledige toeligtingsgedeelte en die onderrig van woordeboekgebruiksvaardighede is dus ook onontbeerlik. Strevens (1987: 78 e.v.) wys egter daarop dat slegs die mees professionele niemoedertaalonderwysers die toeligtingsgedeelte lees — en ook net sommige van hulle. Vir baie onderwysers en byna al die aanleerders bly die potensiële hulp wat in aanleerderwoordeboeke beskikbaar is, onbekend. Die fout lê nie noodwendig by die onderwysers nie. Die uitgewers is ook vasgevang in 'n dilemma: hoe meer inligting hulle in die aanleerderwoordeboek plaas, hoe kompleks word hulle kodifikasie en hoe minder kan 'n aanleerder dit sonder leiding verstaan. Underhill (1985: 103) sê: "It is the teacher's responsibility to teach students how to use the MLD (monolingual learner's dictionary) effectively." 'n Gebruikersvriendelike woordeboek sal nietemin rekening hou met die naslaanvaardighede van die teikengebruikers (vgl. Gouws 1996: 175-176).

## 2.3 Toeligtingsgedeelte

Die toeligtingsgedeelte moet sodanig saamgestel word dat dit die volgende essensiële inligting bevat:

- die doel van die woordeboek,
- die wyse waarop die woordeboek saamgestel is,
- die omvang van die woordeboek,
- die inligtingstipes wat voorsien word,
- inligting oor die klanksisteem van die taal:
  - 'n sistematiese aanbieding van foneme en allofone,
  - 'n uitspraakgids, en
  - 'n uitspraaksleutel met enkele woorde as voorbeelde vir elke simbool,
- inligting oor grammatika:
  - 'n minigrammatika wat inligting oor o.a. woordsoorte, fleksie en afleiding bevat,
- inligting oor die wyse waarop semantiese leiding aangebied word,
- inligting oor die wyse waarop gebruikleiding aangebied word,
- spellingleiding,
- lyste wat onreëlmatige vorme bevat, bv. deelwoorde,
- afkortings,
- SI-eenhede en hul veelvoude, en
- 'n gids tot die gebruik van afkortings, leksikografiese konvensies en tegniese.

## 2.4 Makrostruktuur

Die opname van makrostruktuurelemente moet linguisties gemotiveer wees sodat elemente met leksikale-itemstatus as lemmas optree (vgl. Ponelis 1989).

Die opname van spesifieke makrostruktuurelemente moet op die teikengebruikers se behoeftes en die leksikograaf se insigte met betrekking tot interlinguale aspekte gebaseer wees. In 'n aanleerderwoordeboek behoort funksionele faktore 'n belangrike rol te speel, gevolglik is daar deur middel van 'n vraelys vasgestel watter bronne of situasies, bv. die woordeskat in hul voorgeskrewe boeke en studiehandleidings, en watter tipes woorde, bv. moeilike afleidings en samestellings, vir studente belangrik is; verder is gekyk na die tipes aktiwiteite waarvoor studente die woordeboek sal wil gebruik, bv. om Afrikaanse boeke te lees. In plaas van 'n statistiese benadering tot die vasstelling van die woordeskat (vgl. Ickler 1982 wat dit as misleidend en periferaal beoordeel) word 'n behoeftegerigte benadering voorgestel. Kontrastiewe analise (vgl. o.a. Van Els e.a. 1984: 38) en fouteanalise (vgl. Nickel 1972: 11-15) kan vrugbaar in die leksikografie gebruik word. (Vgl. ook Van Roey 1988: 161-165.)

## 2.5 Mikrostruktuur

### 2.5.1 Uitspraakleiding

Voldoende uitspraakleiding moet verskaf word om korrekte uitspraak te versker.

Uitspraakleiding moet op 'n waarnemingsbasis berus, d.w.s. daar moet objektief nagegaan word hoe mense woorde uitspreek (vgl. Read 1982: 87). In 'n aanleerderwoordeboek behoort standaarduitspraak as uitgangspunt geneem te word (vgl. De Villiers en Ponelis 1987: 43-44 se uiteensetting van standaarduitspraak). Indien daar variasie binne standaarduitspraak voorkom, behoort erkenning aan die belangrikste uitspraakvariante gegee te word (vgl. bv. die noordelike [æ] teenoor die suidelike [ɛ]).

Uitspraakleiding moet deur middel van fonetiese transkripsies by elke lemma verskaf word (vgl. Malone 1967: 115, Landau 1984: 93 en Wells 1985: 49). Dit is egter noodsaaklik dat studente onderrig moet word in die gebruik van fonetiese tekens, anders sal hierdie stelsel as gebruikersonvriendelik beskou en dalk selfs glad nie verstaan word nie.

Die transkripsiesistiem moet eenvoudig, volledig, sistematies en akkuraat wees. Die IPA-stelsel voldoen aan hierdie vereistes.

Lettergreepverdeling en sillabeverdeling moet afsonderlik en korrek aangedui word. Woorde kan op twee wyses sinvol verdeel word: ten opsigte van 'n ortografiese weergawe kan 'n aanduiding gegee word van die skeiding van woorddele by skryf en ten opsigte van die getranskribeerde vorm kan sillabeverdeling voorsien word. Indien hierdie onderskeid nie duidelik is nie, kan die gebruiker verwar word (vgl. Gouws 1984: 293-294).

Die resultate van klankprosesse soos ontstemming, nasaalassimilasie en vokaalverandering as gevolg van klemverskuiwing moet aangedui word (vgl. Gouws 1984: 297). Een van die weinige aanleerderwoordeboeke wat wel aandag skenk aan hierdie aangeleentheid, is *Collins COBUILD English Language Dictionary* wat die boskrif *o* gebruik om die moontlike weglating van vokale aan te dui. Hierdie woordeboek onderskei tussen beskermde vokale (waarvan die uitspraak onveranderd bly) en onbeskermde vokale (waarvan die uitspraak kan wissel). Oor variasie in hierdie woordeboek sê Brazil (1987: 162) o.a. die volgende:

In devising a way of representing variation in the dictionary, a compromise has to be reached between being faithful to observable fact and cluttering up the typographical representation so that the average user will find it unusable. The simplest method seemed to be to use superscripts for all those segments where considerable variation is to be found.

Die hoofklem en sekondêre klem moet aangedui word. Klem word in die praktyk op verskillende wyses in aanleerderwoordeboeke aangedui. *Oxford Advanced Learner's Dictionary of Current English*, *Longman Dictionary of Contemporary English* en *Chambers Universal Learners' Dictionary* dui bv. hoofklem aan deur die teken (ˈ) voor die sillabe wat dit voorafgaan te plaas, terwyl sekondêre klem deur die teken (ˌ) voor die beklemtoonde sillabe aangedui word. *Collins*

*COBUILD English Language Dictionary* gebruik 'n besonder nuttige stelsel waarvolgens beklemtoonde vokale donkerder gedruk en ook onderstreep word.

Die foneme van die taal en hul allofone moet in die toeligtingsgedeelte opgeneem word (Al-Kasimi 1977: 109-110). Die leksikograaf wat bv. 'n aanleerderwoordeboek vir 'n swart teikengroep wil opstel, sal 'n kontrastiewe analise van die twee betrokke tale se foneeminventarisse en allofone moet maak ten einde vas te stel watter klanke verwarring by die aanleerder kan veroorsaak.

In die toeligtingsgedeelte moet daar 'n uitspraakgids wees wat uitspraakleiding verskaf en 'n uitspraaksleutel waarin enkele bekende woorde as voorbeelde vir elke simbool optree (Al-Kasimi 1977: 109-110).

### 2.5.2 Grammatiese leiding

Grammatiese leiding moet sodanig wees dat aanleerders in staat gestel kan word om selfstandig korrekte sinne te genereer. Ten einde gestand te doen aan hierdie eis moet die aanleerderwoordeboek, volgens Jackson (1985: 54), vier tipes grammatiese inligting verskaf. Die eerste drie tipes verteenwoordig eksplisiete inligting. Eerstens is daar inligting oor die wyse waarop 'n leksikale item verbuig kan word, veral wanneer dit nie afleibaar is uit die algemene reëls van die grammatika nie. Tweedens is daar woordsoortaanduiding. Derdens kan meer spesifieke eksplisiete sintaktiese inligting gegee word, bv. werkwoorde wat geklassifiseer word as oorganklik en onoorganklik. Die vierde tipe hou verband met implisiete grammatiese inligting wat onregstreeks met behulp van goed gekose voorbeeldsinne in kollokasies aangebied word.

Daar moet verduidelikings in die toeligtingsgedeelte wees wat die sinvolle ontsluiting van grammatiese inligting in die woordeboek waarborg. Die inligting wat in die toeligtende aantekeninge van 'n woordeboek weergegee word, is tweeledig van aard. 'n Deel van dié inligting het die sinvolle ontsluiting van die woordeboekartikels ten doel. Die ander deel van die inligting kom voor as 'n minigrammatika, d.w.s. 'n betroubare samevatting van die taal se grammatika (Gouws 1986: 29).

Die minigrammatika kan bv. op so 'n wyse by die grammatiese mikrostruktuurinligting geïntegreer word dat die woordeboekartikels 'n reeks kodes bevat wat in die minigrammatika geëkspliseer word. Volgens Gouws (1986: 30) is so 'n aanbiedingswyse voordelig omdat dit ekonomie in die hand werk en die lemma se grammatiese kenmerke onmiddellik vir die gebruiker binne 'n algemene patroon plaas. Die minigrammatika kan ook die vorm aanneem van 'n beknopte beskrywing van bepaalde grammatiese aspekte van die taal. So 'n minigrammatika moet veral konsentreer op morfologiese en sintaktiese reëlmatighede (Gouws 1986: 30).

Daar moet kruisverwysings tussen die kodes in die woordeboekteksgedeelte en die minigrammatika wees. Dit sou 'n ideale situasie wees indien 'n grammatikahandleiding en aanleerderwoordeboek wat op mekaar afgestem is, beskikbaar sou wees. Indien 'n grammatikahandleiding as hulpmiddel naas 'n

aanleerderwoordeboek gebruik word, kan daar by die werkwoordlemma 'n kruisverwysing na die bespreking van dié betrokke werkwoord in die grammatikahandleiding wees. In die toeligtingsgedeelte van die woordeboek kan die verskillende hoofipes werkwoorde en hulle kodes dan net baie kortliks verduidelik word. Waar sodanige grammatikahandleiding ontbreek, moet voldoende inligting in die toeligtingsgedeelte aangebied word en die gebruiker behoort deur middel van 'n kode na hierdie toeligtingsgedeelte verwys te word, indien die woordeboek 'n kodestelsel gebruik.

Woordsoortaanduiding moet eksplisiet wees. Volgens Bredemeier et al. (1977: 68) moet 'n woordeboekartikel so eksplisiet as moontlik wees en so min as moontlik op die taalintuisie van potensiële gebruikers afgestem wees. Sodra daar van die gebruiker verwag word om self afleidings te maak, bestaan die gevaar dat die gebruiker die verkeerde afleidings kan maak.

Woordsoorte moet voldoende gesubklassifiseer wees. Elke leksikale item moet duidelik geïdentifiseer word, d.w.s. tot watter klas en subklas dit behoort. Gleason (1967: 102) stel dit soos volg:

The dictionary should give for each item all pertinent grammatical identification. It is inadequate, particularly in a bilingual dictionary, merely to label items as noun or verb if it is known that there are significant subclasses within such classes. The dictionary should indeed index the grammatical statement.

Seleksiebeperkings moet, waar nodig, ten opsigte van die gebruik van selfstandige naamwoorde, adjektiewe en werkwoorde aangedui word. Die passiefkonstruksie word hier as voorbeeld uitgelig. Inligting oor die korrekte gebruik van die passiefkonstruksie behoort enersyds van 'n opvoedkundige grammatika verkry te word, bv. die reëls wat die passiefkonstruksie regeer, andersyds behoort die nodige leiding deur die woordeboek verskaf te word, aangesien die vraag na die moontlike toepassing van 'n passieftransformasie eerstens by die werkwoordklas berus en binne sekere klasse by die individuele werkwoord (vgl. Cowie 1987: 185 e.v.). By die lemmas van die niehandelingswerkwoorde, d.w.s. koppelwerkwoorde en werkwoorde soos *hê* en *pas*, behoort aangedui te word dat dié werkwoorde nie passiveerbaar is nie. Dit kan direk na die werkwoordkode of deur middel van 'n gebruiksnote aan die einde van die artikel aangedui word (vgl. verder Stein 1979 en Cowie en Mackin 1975: xxxviii vir 'n bespreking van die hantering van seleksiebeperkings by die passiefkonstruksie).

Daar moet tussen verpligte en opsionele adjektiefkomplemente onderskei word. T. Herbst (1984: 6) beklemtoon die belangrikheid van die onderskeid tussen verpligte en opsionele komplemente en tussen komplemente en perifere elemente by adjektiewe: "It is of great importance for the foreign learner to be able to distinguish whether the constructions given for a word in the dictionary

are merely *possible* uses of that word or whether the word *must* be used with a certain construction (at least in a certain meaning)."

Deeltjiewerkwoorde moet vasgestel word en van voldoende sintaktiese, semantiese en spellingleiding voorsien word om die korrekte gebruik daarvan te verseker. Die algemene reëls vir die plasing van die deeltjiewerkwoord behoort in die toeligtingsgedeelte uiteengesit te word. Genoeg voorbeelde behoort ook by die deeltjiewerkwoorde gegee te word, sodat die verskillende plasingsmoontlikhede van die deeltjiewerkwoord se komponente duidelik daaruit blyk. Die tipe hoofwerkwoord waaronder 'n bepaalde deeltjiewerkwoord kan ressorteer, behoort geïdentifiseer te word en uit die voorbeeldsinne te blyk. Deeltjiewerkwoorde word as saamgestelde eenhede alfabeties volgens die deeltjie in woordeboeke opgeneem. Die aanleerder word egter nie noodwendig met die deeltjiewerkwoord as eenheid gekonfronteer nie. In 'n aanleerderwoordeboek sou mens dit dus kon oorweeg om óf 'n koppeltekenlemma (waar gepas) óf die deeltjiewerkwoord in omgekeerde orde en deur stippels verbind (bv. *blaker ... uit sien uitblaker*) op te neem. Die stippels is belangrik omdat die leksikale eenheid van die deeltjiewerkwoord daardeur aangetoon word. Die plasing van *-ge-* tussen die deeltjie en die werkwoordelike element in die verlede tyd behoort ook uitgewys te word. Spellingprobleme wat by nominalisering (bv. *aanbeveel — aanbeveling*) en voltooide deelwoorde (bv. *inskryf — ingeskrewe*) kan voorkom, behoort verder in ag geneem te word.

Daar moet sistematiese aanduidings van die verbindbaarheidsmoontlikhede van werkwoorde in die vorm van werkwoordpatrone gegee word. Vir Cowie (1983: 106) is die subklassifikasie van werkwoorde een van die noemenswaardige kenmerke van *Idiomatic and Syntactic English Dictionary*. Volgens hom het hierdie woordeboek drie belangrike kenmerke: (a) 'n gedetailleerde subklassifikasie wat geskep is deur oorganklikheid nie op 'n algemene wyse te hanteer nie, maar deurdat daar gekyk is na die verskillende tipes voorwerpe en komplementkonstruksies wat 'n werkwoord kan neem; (b) die sintaktiese funksies van werkwoorde is ten opsigte van elkeen van die betekenisonderskeidings aangedui; en (c) die patroonaanduidings by die inskrywings is deur 'n kodestelsel vervang.

Die volgende drie kriteria geld volgens T.H. Herbst (1984: 140-141) by die aanbieding van werkwoordpatrone:

- Is die uiteensetting van die patrone eenvoudig, duidelik, oorsigtelik en ondubbelsinnig?
- Is die inligting wat deur die patrone verskaf word, spesifiek genoeg om te verseker dat die woordeboekgebruiker in 'n posisie gestel word waar hy aanvaarbare sinne kan konstrueer en nieaanvaarbare sinne as sodanig kan herken?
- Is die lys kodes wat vir 'n bepaalde woord aangedui word volledig? (Volgens Lemmens en Wekker 1986: 14 moet die grammatiese kodes ondubbelsinnig wees en maklik gebruik kan word. Die kode moet inligting



oor die grammatiese funksies, bv. direkte voorwerp, en die grammatiese kategorie, bv. naamwoordstuk, bevat.)

Elke werkwoordinskrywing en, waar gepas, elke subinskrywing moet van een of meer selfverklarende kodes voorsien wees. Dit sal 'n gids in die inleidende bladsye noodsaak om elementêre funksies en kategorie-etikette soos NS (naamwoordstuk) aan die gebruiker te verduidelik.

Die terminologie moet ooreenstem met die standaard moderne grammatikas van Afrikaans. In Afrikaanse woordeboeke word die gebruiker soms verwar deur huishoudelike afkortings. Wat terminologie betref, moet terme soos *setstel* en *neweskikker* wat in Ponelis (1979) gebruik word, ook in woordeboeke neerslag vind. Al die grammatiese patrone aangedui in elke werkwoordinskrywing of subinskrywing moet geïllustreer wees deur voorbeeldsinne wat in dieselfde volgorde as die patrone gerangskik is. Dit vergemaklik die herwinning van inligting.

Transformasionele moontlikhede moet in inskrywings en, waar gepas, subinskrywings aangedui word. Indien passivering, verskuiwing van die indirekte voorwerp, e.s.m. moontlik is, moet hierdie transformasies in die inskrywings of subinskrywings aangedui word.

Kodes moet selfstandig, d.w.s. sonder hakies gebruik word.

Die inligting wat deur die patrone verskaf word, moet gebaseer wees op tipiese patrone sodat die enkodering daarvan natuurlike sinne tot gevolg sal hê (vgl. Sinclair 1987: 108).

Daar moet eksplisiete aanduidings ten opsigte van meervoude, verkleinwoorde, geslag, onreëlmatige verledetydsvorme, verboë vorme van adjektiewe, trappe van vergelyking en deelwoorde wees (vgl. Otto 1989: 145 e.v.).

Die algemene reëls wat ten opsigte van fleksie en afleiding geld, moet in die minigrammatika opgeneem word.

In die minigrammatika moet aangedui word hoe fleksie en afleiding in die woordeboek hanteer word, sodat die student uit hierdie inligting kan probeer aflei wat bv. die meervoudsvorm van 'n bepaalde leksikale item is indien die betrokke leksikale item nie in die woordeboek opgeneem is nie.

Daar moet kruisverwysings wees tussen fleksievorme wat alfabeties van mekaar verwyder is. By *lank* moet daar dus 'n verwysing na *lang* wees en by *lang* 'n verwysing na *lank*. By vorme soos *lank* en *lang* moet eksplisiet aangedui word binne watter kontekste elke vorm gebruik mag word.

By samestellings, afleidings, vaste uitdrukkings en idiome moet aangedui word of die onverboë of verboë vorm gebruik moet word (vgl. bv. *Nasionale Woordeboek* se hantering van *hoog*).

Linguisties gemotiveerde koppeltekenlemmas moet, waar nodig, opgeneem word (vgl. Gouws 1988a: 96).

Daar moet aangedui word of stamme voegseleisend of voegselverwend is (vgl. bv. *verkeer* in *Nasionale Woordeboek*).

Alle prefikse en suffikse moet op hul alfabetiese plekke as lemmas opgeneem word (vgl. Stein 1985: 38 e.v.).

Die kategoriale funksies van elke affiks moet aangedui word ten opsigte van elke betekenisonderskeiding daarvan, d.w.s. die leksikograaf behoort aan te dui met watter woordsoorte 'n spesifieke affiks kan kombineer (en met watter betekenis) en ook die grammatikale funksie(s) van daardie affiks spesifiseer.

Erkenning moet verleen word aan die morfologies-semantiese verbande wat tussen sommige woorde bestaan. So kan gelede woorde met dieselfde leksikale item as stam bv., naas hul opname op hul alfabetiese plek, in 'n afsonderlike kolom langs die artikel van die gemeenskaplike leksikale item verstrekk word, bv. *beken, erken, herken, verken, geken*, e.s.m.

Samestellings en afleidings moet as lemmas opgeneem en verklaar word, aangesien dit moeilik sou wees om te bepaal watter samestellings en afleidings vir aanleerders deursigtig is en watter nie.

### 2.5.3 Semantiese leiding

Semantiese leiding moet gebaseer wees op 'n goeie teorie of teorieë. Ballweg-Schramm (1981: 462 e.v.) wys bv. op die praktiese nut van leksikale velde in die leksikografie.

Betekenis moet op linguistiese oorwegings gebaseer wees. Gouws (1987: 87) beklemtoon dat een van die leksikograaf se verpligtings teenoor sy gebruiker 'n duidelike onderskeid tussen leksikale betekenis en kontekstuele getuie-nis is.

Werklike tekste moet as datakorpus geneem word. Oor *Collins COBUILD English Language Dictionary*, wat op werklike tekste gebaseer is, sê Sinclair in die voorwoord van hierdie woordeboek die volgende:

With our textual evidence it is possible to be precise about the shape of phrases and the extent of their variation; the relative importance of different senses of a word; and the typical environment in which a word or phrase is used. Even when statements like this are already familiar, they are made with a different kind of authority in this book.

Daar moet tussen linguistiese betekenis en ensiklopediese inligting onderskei word om te verseker dat ensiklopediese inligting as 'n afsonderlike inligtingstipe in die woordeboek opgeneem word. Veral in 'n aanleerderwoordeboek sou mens wel 'n geringe hoeveelheid saakbeskrywing kon toelaat om definisies duideliker te maak. Die saakbeskrywing moet egter altyd ondergeskik wees aan die betekenisbeskrywing (vgl. Ayto 1983: 98 wat die voorbeeld *dog* gebruik om dit te illustreer).

Die teikengebruikers en die aard van individuele woorde moet in aanmerking geneem word by die verklaringstegnieke. Volgens Wendland en Nida (1985: 12) is 'n sosiosemiotiese benadering tot die vasstelling van die betekenis

van die sg. "inhoudswoorde" die mees bevredigende benadering. Die sosiosemiotiese benadering behels die analisering van elemente van die verbale kode in terme van hulle sosiale agtergrond en gebruik. Hierteenoor vereis funksiewoorde 'n funksionele definisie aangevul deur baie voorbeelde (vgl. Kirkpatrick 1985: 11, asook Hanks 1979: 36 en 1987: 119 e.v. in hierdie verband).

Definisies moet opgeneem word wat aan die volgende kriteria voldoen (vgl. Zgusta 1971: 257-258):

- Alle woorde wat in 'n definieens gebruik word, moet elders in die woordeboek verklaar word.
- Die lemma moet sodanig gedefinieer word dat dit betekenisverklarend optree.
- Sirkelvormigheid moet vermy word (vgl. ook Jain 1981: 277).
- Die struktuur en woordeskat van definisies moet eenvoudig wees (vgl. ook Jain 1981: 274, Stein 1979: 5 e.v., Kirkpatrick 1985, Whitcut 1978: 49, en Wekker en Hyams 1979: 411).
- Die definisies moet akkuraat en volledig wees (vgl. ook Whitcut 1978: 53).

Daar moet op grond van leksikologiese kriteria tussen polisemiese items en homonieme onderskei word (vgl. Lyons 1977: 21-22 vir kriteria).

Die rangskikking van betekenisonderskeidings moet gerig wees op die teikengebruikers, in die toeligtingsgedeelte verduidelik word en sistematies in die woordeboekartikels aangebied word. In *Collins COBUILD English Language Dictionary* is die rangskikkingsbeginsels (volgens frekwensie, sintaksis, kollokasionale of kontekstuele verbande en metaforiseringsprosesse — vgl. Moon 1987: 89 e.v.) dikwels in konflik met mekaar.

- Die betekenisonderskeidings van polisemiese woorde moet as duidelik gemerkte subinskrywings in die woordeboek opgeneem word (vgl. Cowie 1979: 85).
- Spesifieke kollokasies moet by die betekenisonderskeidings van polisemiese woorde aangebied word en beperkings op kollokeerbaarheid moet aangetoon word (vgl. Cowie 1979: 85).
- Daar moet aangetoon word watter afleidings ten opsigte van watter betekenisonderskeidings geld (vgl. Cowie 1979: 86).
- Daar moet by polisemiese komposita aangedui word watter spesifieke betekenisonderskeidings ter sake is (vgl. Otto 1989: 262).
- Semantiese relasies soos sinonimie, hiponimie en komplementariteit moet by betekenisonderskeidings betrek word (vgl. Cowie 1979: 87).

Ingeburgerde metafore (vgl. Otto 1989: 240) en gebruiklike idioome moet opgeneem en verklaar, en hul hantering in die toeligtingsgedeelte uiteengesit word (vgl. Nuccorini 1988).

## 2.5.4 Etimologiese leiding

Ten opsigte van etimologiese leiding moet daar aangedui word aan watter taal of tale leenwoorde ontleen is (vgl. Otto 1989: 273).

## 2.5.5 Gebruiksleiding

Gebruiksleiding moet as 'n afsonderlike mikrostruktuurelement aangebied word (vgl. Gouws 1988b: 42), moet gebaseer wees op die objektiewe waarneming van werklike gebruik (vgl. Wells 1973: 96), en moet sodanig wees dat dit die gebruiker 'n aanduiding gee van die konteks en styl waarin elke woord of frase gepas is (vgl. Allen 1964<sup>2</sup>: 272).

Voorbeeldmateriaal, d.w.s. verbale en nieverbale illustrasies moet in die woordeboek opgeneem word.

Voorbeeldsinne wat aan die volgende kriteria voldoen (vgl. Zgusta 1971: 263, Al-Kasimi 1977: 91, 96, Kirkpatrick 1985: 11-12, Fox 1987: 138-141, Mostert 1988: 156, Orszagh 1969: 219, en Drysdale 1987: 218-223), moet opgeneem word:

- Hulle moet funksioneel wees, d.w.s. hulle moet aantoon hoe 'n bepaalde woord in kombinasie met ander leksikale eenhede gebruik word.
- Hulle moet sistematies aangewend word, d.w.s. daar moet by elke betekenisonderskeiding van elke lemma ten minste een voorbeeldsin voorkom.
- Hulle moet informatiewe illustrasie-middels wees, d.w.s. hulle moet werklik die gebruik van die woord illustreer en die gebruiker se begrip van die woord se grammatiese optrede, semantiese omvang en stilistiese kenmerke verbeter.
- Hulle moet natuurlik wees, d.w.s. welgevorm in 'n teks.
- Hulle moet tipies wees, m.a.w. hulle moet aantoon hoe woorde werklik gebruik word.
- Hulle moet gebaseer wees op werklike taalgebruik, d.w.s. hulle moet uit 'n datakorpus geneem word.
- Hulle moet op die student se behoefte- en begripvlak wees, m.a.w. hulle moet gekeur en geredigeer word ten gunste van die teikengebruiker.
- Alle voorbeelde moet volsinne wees.

Kollokasies wat aan die volgende kriteria voldoen (vgl. Cowie 1987: 132-136 en Benson 1985: 8-13), moet in die woordeboek opgeneem word:

- Kollokasies moet per linguistiese kriteria vasgestel word.
- Sowel grammatiese as leksikale kollokasies moet opgeneem word.
- Gevestigde en voorspelbare kollokasies moet duidelik deur middel van 'n konvensionele metode onder gebruikers se aandag gebring word.

- Kollokasies wat semanties of situasioneel beperk is, moet aangedui word.
- 'n Oordeelkundige seleksie moet gemaak word van spesifieke items wat verteenwoordigend is van die totale reeks keuses by kollokasies wat met 'n "oop" stel items kan verbind.
- Verskillende semantiese subklasse by selfstandige naamwoorde (onderwerp, voorwerp) moet in kollokasies aangedui word.

Gebruikergerigte gebruiksnoras moet aangewend word waar addisionele inligting noodsaaklik is. Ten opsigte van enige inligtingstipe mag die leksikograaf dit nodig vind om bykomende inligting te gee. Hierdie aanvullende inligting kan per gebruiksnora hanteer word en dié gebruiksnoras word óf net na die bepaalde inligtingstipe óf aan die einde van die artikel verstrek. (Vgl. verder Otto 1989: 320-328.)

Etikette wat aan die volgende kriteria voldoen (vgl. veral Gouws 1988b: 4-50), moet opgeneem word:

- Die keuse van etikette moet gebaseer wees op kriteria wat uit die metaleksikografie kom.
- Die etikette moet op die gebruiker se behoeftes afgestem wees.
- Die keuse van etikette moet sodanig wees dat dit daartoe kan bydra dat 'n gegewe lemma as lid van 'n bepaalde deelversameling van die taal se woordeskat vasgestel word.
- Etikette moet sodanig gekies word dat hulle die een of ander afwyking van die standaardtaal merk.
- Die gebruik van etikette moet konsekwent toegepas word sodat korrekte gebruik verseker kan word.
- 'n Volledige verklaring moet gegee word van elke etiket wat gebruik word en die verband van 'n bepaalde etiket met ander etikette moet duidelik aangetoon word.
- Etikette moet verstaanbaar wees.
- Stilistiese etikette moet gebruik word.
- Vaktaaletikette moet gebruik word by alle vakterme wat opgeneem is en in woordeboekartikels waar die lemma se polisemiese waardes sowel 'n algemene as 'n gespesialiseerde vaktaalgebruik insluit.
- Temporele etikette moet gebruik word by woorde wat van die standaardtaal afwyk op grond van hul chronolektiese gemerktheid.
- Mikrostruktuuretikette moet gebruik word om die leksikale inskrywingstipes te merk.

Nieverbale illustrasies (vgl. o.a. Landau 1984: 258-261 en Al-Kasimi 1977: 100) moet aangewend word wanneer 'n bepaalde konsep beter daardeur verduidelik kan word as deur die verbale definisies, wanneer 'n woordekonomiese defi-

nisie nie moontlik is nie of wanneer ruimtelike verhoudings nie weergegee kan word nie.

- Die illustrasies moet kompak wees, m.a.w. slegs die noodsaaklike attribute van 'n konsep moet aangedui word.
- Illustrasies moet interpreteerbaar wees.
- Definisies moet anders geformuleer word waar illustrasies aangebied word.
- Alle tekeninge moet volgens dieselfde skaal gemaak word.
- Die dikte van lyne moet by tekeninge in aanmerking geneem word.
- Styl in tekeninge moet konsekwent wees.
- Kleur in tekeninge moet werklikheidsgetrou wees tensy anders aangedui.

### 3. Slot

In hierdie artikel is die kriteria vir 'n Afrikaanse aanleerderwoordeboek saamgevat. Hierdie kriteria kan as eise en norme vir die beoordeling van 'n aanleerderwoordeboek vir swart tersiêre studente aangewend word.

## Verwysings

### (a) Woordeboeke

- Cowie, A.P. en R. Mackin. 1975. *Oxford Dictionary of Current Idiomatic English*. Oxford: Oxford University Press.
- De Villiers, M. et al. 1985. *Nasionale Woordeboek*. Goodwood: Nasou.
- Hornby, A.S. et al. 1942. *Idiomatic and Syntactic English Dictionary*. Tokio: Kaitakusha.
- Hornby, A.S. et al. 1974. *Oxford Advanced Learner's Dictionary of Current English*. Oxford: Oxford University Press.
- Kirkpatrick, E.M. 1980. *Chambers Universal Learners' Dictionary*. Edinburgh: Chambers.
- Procter, P. et al. 1978. *Longman Dictionary of Contemporary English*. Londen/Harlow: Longman.
- Sinclair, J.M. (Red.). 1987. *Collins COBUILD English Language Dictionary*. Londen/Glasgow: Collins.

### (b) Ander bronne

- Al-Kasimi, A.M. 1977. *Linguistics and Bilingual Dictionaries*. Leiden: Brill.
- Allen, H.B. 1964<sup>1</sup>. *Linguistics and Usage*. Allen, H.B. (Red.). 1964<sup>2</sup>. *Readings in Applied English Linguistics*. New York: Appleton Century Crofts.
- Ayto, J.R. 1983. On Specifying Meaning: A Semantic Analysis and Dictionary Definitions. Hartmann, R.R.K. (Red.). 1983: 89-98.

- Ballweg-Schramm, A.** 1981. Some Comments on Lexical Fields and their Use in Lexicography. Eikmeyer, H. en H. Rieser (Reds.). 1981. *Words, Worlds and Contexts: New Approaches in Word Semantics*: 462-467. Berlyn/New York: Walter de Gruyter.
- Béjoint, H.** 1987. The Value of the Dictionary in Vocabulary Acquisition. Cowie, A. (Red.). 1987: 97-104.
- Benson, M.** 1985. Lexical Combinability. *International Journal of Human Communication* 18(1): 3-14.
- Brazil, D.** 1987. Representing Pronunciation. Sinclair, J.M. (Red.). 1987: 160-166.
- Bredemeier, J. et al.** 1977. Überlegungen zu den syntaktischen und semantischen Informationen im Wörterbuch einer natürlichen Sprache. Petöfi, J.S. en J. Bredemeier (Reds.). 1977. *Das Lexikon in der Grammatik — Die Grammatik im Lexikon*: 65-88. Hamburg: Helmut Buske.
- Cowie, A.P.** 1978. The Place of Illustrative Material and Collocations in the Design of a Learner's Dictionary. Strevens, P. 1978. *In Honour of A.S. Hornby*: 127-139. Oxford: Oxford University Press.
- Cowie, A.P.** 1979. The Treatment of Polysemy in the Design of a Learner's Dictionary. Hartmann, R.R.K. (Red.). 1979: 82-88.
- Cowie, A.P.** 1983. The Pedagogical/Learner's Dictionary: I English Dictionaries for the Foreign Learner. Hartmann, R.R.K. (Red.). 1983: 135-143.
- Cowie, A.P.** 1987. Syntax, the Dictionary and the Learner's Communicative Needs. Cowie, A. (Red.). 1987: 183-192.
- Cowie, A. (Red.).** 1987. *The Dictionary and the Language Learner*. Tübingen: Max Niemeyer.
- De Villiers, M. en F.A. Ponelis.** 1987. *Afrikaanse Klankleer*. Kaapstad: Tafelberg.
- Drysdale, P.D.** 1987. The Role of Examples in a Learner's Dictionary. Cowie, A. (Red.). 1987: 213-223.
- Fox, G.** 1987. The Case for Examples. Sinclair, J.M. (Red.). 1987: 137-149.
- Geeraerts, D. en G. Janssens.** 1982. *Wegwijs in woordenboeken*. Assen: Van Gorcum.
- Gleason, H.A.** 1967. The Relation of Lexicon and Grammar. Householder, F.W. en S. Saporta (Reds.). 1967: 85-102.
- Gouws, R.H.** 1984. Uitspraakleiding in Afrikaanse woordeboeke. Webb, V.N. (Red.). 1984. *Kongresreferate: Linguistevereniging van Suider-Afrika*: 279-302. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Gouws, R.H.** 1986. *Die taalkundige grondslae van die teoretiese leksikografie en die praktiese neerslag van taalkundige inligting in woordeboeke*. RGN-verslag.
- Gouws, R.H.** 1987. Lexical Meaning versus Contextual Evidence in Dictionary Articles. *Dictionaries* 9: 87-96.
- Gouws, R.H.** 1988a. Compounds in Dictionaries: A Semantic Perspective. Snell-Hornby, M. (Red.). 1988: 91-97.
- Gouws, R.H.** 1988b. Die gebruik van etikette as leksikografiese hulpmiddel. *S.A. Tydskrif vir Taalkunde. Geleentheidsuitgawe* 6, 1988: 1-56.
- Gouws, Rufus H.** 1996. Leksikografiese behoeftevervulling. *Lexikos* 6: 171-183.
- Hanks, P.** 1979. To what Extent Does a Dictionary Definition Define? Hartmann, R.K.K. (Red.). 1979: 32-38.
- Hanks, P.** 1987. Definitions and Explanations. Sinclair, J.M. (Red.). 1987: 115-136.
- Hartmann, R.K.K. (Red.).** 1979. *Dictionaries and their Users: Proceedings of the 1978 BAAL Seminar on Lexicography*. Exeter: University of Exeter.

- Hartmann, R.R.K. (Red.). 1983. *Lexicography: Principles and Practice*. Londen/New York: Academic Press.
- Harvey, K. en D. Yuill. 1997. A Study of the Use of a Monolingual Pedagogical Dictionary by Learners of English Engaged in Writing. *Applied Linguistics* 18(3): 253-273.
- Herbst, T. 1984. Adjective Complementation: A Valency Approach to Making EFL Dictionaries. *Applied Linguistics* 5(1): 1-11.
- Herbst, T.H. 1984. Bemerkungen zu den Patternsystemen des Advanced Learner's Dictionary und des Dictionary of Contemporary English. Götz, D. en T. Herbst (Red.). 1984. *Theoretische und praktische Probleme der Lexikographie*: 139-165. München: Max Hueber.
- Householder, F.W. en S. Saporta (Reds.). 1967. *Problems in Lexicography*. Bloomington: Indiana University.
- Ickler, T. 1982. Ein Wort gibt das andere. Auf dem Weg zu einem "Wörter-Lesebuch" für Deutsch als Fremdsprache. *Linguistik und Didaktik* 48-50: 3-17.
- Ilson, R. (Red.). 1985. *Dictionaries, Lexicography and Language Learning*. Oxford: Pergamon Press.
- Jackson, H. 1985. Grammar in the Dictionary. Ilson, R. (Red.). 1985: 53-60.
- Jain, M.P. 1981. On Meaning in the Foreign Learner's Dictionary. *Applied Linguistics* 2(3): 274-286.
- Kirkpatrick, E.M. 1985. A lexicographical dilemma: monolingual dictionaries for the native speaker and for the learner. Ilson, R. (Red.). 1985: 7-14.
- Landau, S.I. 1984. *The Art and Craft of Lexicography*. New York: The Scribner Press.
- Lemmens, M. en H. Wekker. 1986. *Grammar in English Learner's Dictionaries*. Tübingen: Niemeyer.
- Lyons, J. 1977. *Semantics. Volume 1 and 2*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Maingay, S. en M. Rundell. 1987. Anticipating Learners' Errors — Implications for Dictionary Writers. Cowie, A. (Red.). 1987: 128-135.
- Malone, K. 1967. Structural Linguistics and Bilingual Dictionaries. Householder, F.W. en S. Saporta (Reds.). 1967: 3-24.
- Moon, R. 1987. The Analysis of Meaning. Sinclair, J.M. (Red.). 1987: 86-103.
- Mostert, N. 1988. Die funksie van sitate en poëme in die verklarende leksikografie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 28(2): 150-160.
- Moulin, A. 1987. The Dictionary and Encoding Tasks. Cowie, A. (Red.). 1987: 105-113.
- Nickel, G. (Red.). 1972. *Fehlerkunde: Beiträge zur Fehleranalyse, Fehlerbewertung und Fehlertherapie*. Berlin.
- Nuccorini, S. 1988. The Treatment of Metaphorical and Idiomatic Expressions in Learners' Dictionaries. Snell-Hornby, M. (Red.). 1988: 149-160.
- Otto, A.N. 1989. *Kriteria vir 'n Afrikaanse aanleerderwoordeboek*. Ongepubliseerde D.Litt.-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Orszagh, L. 1969. Wanted? Better English Dictionaries. *English Language Teaching* 27(3): 216-221.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Ponelis, F.A. 1989. Leksikale elemente. Botha, T.J.R. (Red.). *Leksikografie en leksikologie*. Pretoria: Serva: 48-54.
- Read, A.W. 1982. Theoretical Basis for Determining Pronunciation in Dictionaries. *Dictionaries* 4: 87-96.
- Richards, J.C. en R.W. Schmidt (Reds.). 1983. *Language and Communication*. Londen/New York: Longman.
- Sinclair, J. 1987. Grammar in the Dictionary. Sinclair, J.M. (Red.). 1987: 104-115.



- Sinclair, J.M. (Red.). 1987. *Looking Up: An Account of the Cobuild Project in Lexical Computing and the Development of the Collins COBUILD English Language Dictionary*. Londen/Glasgow: Collins ELT.
- Snell-Hornby, M. (Red.). 1988. *Zürilex '86 Proceedings*. Zürich: Francke.
- Stein, G. 1979. The Best of British and American Lexicography. *Dictionaries* 1: 1-23.
- Stein, G. 1985. Word-formation in Modern English Dictionaries. Ilson, R. (Red.). 1985: 35-44.
- Stevens, P. 1987. The Effectiveness of Learners' Dictionaries. Burchfield, R. (Red.). 1987. *Studies in Lexicography*. Oxford: Clarendon Press.
- Tomaszczyk, J. 1987. FL Learners' Communication Failure: Implications for Pedagogical Lexicography. Cowie, A. (Red.). 1987: 136-145.
- Underhill, A. 1985. Working with the Monolingual Learners' Dictionary. Ilson, R. (Red.). 1985: 103-114.
- Van Els, T. e.a. 1984. *Applied Linguistics and the Learning and Teaching of Foreign Languages*. Londen: Edward Arnold.
- Van Roey, J. 1988. Work in Progress: A Paralexicon of English-French "Faux Amis". Snell-Hornby, M. (Red.). 1988: 161-169.
- Webb, V.N. 1983. Die taalwetenskap as sosiale wetenskap. Claassen, G.N. en M.C.J. van Rensburg. (Reds.). 1983. *Taalverskeidenheid*: 229-246. Pretoria/Kaapstad/Johannesburg: Academica.
- Wekker, H. en P. Hyams. 1979. De Longman Dictionary of Contemporary English (review article). *Levende Talen* 342: 406-417.
- Wells, J.C. 1985. English Pronunciation and its Dictionary Representation. Ilson, R. (Red.). 1985: 45-52.
- Wells, R.A. 1973. *Dictionaries and the Authoritarian Tradition: A Study in English Usage and Lexicography*. Den Haag/Parys: Mouton.
- Wendland, E.R. en E.A. Nida. 1985. Lexicography and Bible Translating. Louw, J.P. (Red.). 1985. *Lexicography and Translation*: 1-52. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Whitcut, J. 1978. *Lexicography in Controlled Vocabulary*. Paper presented at the AILA conference. Montreal.
- Zgusta, L. 1971. *Manual of Lexicography*. Den Haag/Parys: Mouton.